KULTUURBELEID
Hersien 2017*

---

1. Visie
Ons visie is om elke leerder bekend te stel aan die ryke kultuurverskeidenheid in ons land; respek en waardering vir ander kulture aan te kweek en stewig gewortel te wees in die kultuur eie aan onsself.

2. Missie
Om gebalanseerde leerders op te voed, is dit noodsaaklik dat kultuur, akademie en sport gelykwaardige ruimte en tyd gegun word. Leerders word blootgestel aan 'n wye spektrum van kultuuraktiwiteite en leer daardeur liefde vir die kunste, deursettingsvermoë, selfdissipline en 'n gebalanseerde persoonlikheid aan. Ons strewe is dat elke leerder ook sy/haar volle potensiaal op kultuurgebied sal bereik.

3. Wat is 'n kultuur?
Kultuur by Laer Volkskool omskryf en bevat die **ganse geestelike besitting** van ons leerders op **elke terrein**.

4. Kultuuraktiwiteite
4.1 Die volgende aktiwiteite word binne-skoolverband aangebied:
* Senior koor
* Junior koor
* Redenaars
* Vokaal
* Revue
* Spreekkoor

4.2 Die volgende aktiwiteite word buite-skoolverband aangebied:
* Dans
* Drama
* Instrumentaal
* Visuele kunste

5. Beskrywing van kultuuraktiwiteite

5.1 Seniorkoor
Die doel van die Seniorkoor is om koorklanke voort te bring op só 'n wyse dat dit 'n liefde vir sang en koormusiek by die leerders ontwikkel. Die Seniorkoor streef daarna om 'n uitstalvenster vir Laer Volkskool te wees en ook om te alle tye as ware ambassadeurs van ons skool op te tree. Dit is ons strewe om kwaliteit koorsang te lewer. Die Seniorkoor neem jaarliks aan verskeie kunswedstryde, koorfeeste en ander optredes deel.
Die Seniorkoor bestaan uit Graad 4 tot Graad 7 leerders. Hulle oefen een keer per week vir altesaam twee ure. Daar word gestreef om ook een oefen Vrydag per jaar te hou waarna Saterdagoggend gebruik word vir 'n fondsinsameling aksie, hoofsaaklik vir koordrag.

Die drag vir meisies bestaan uit 'n lang swart romp en top wat aan die skool behoort. 'n Langmou swart top en moulose swart top en ook swart sykouse moet deur die leerder self aangeskaf word. Skoolskoene word hierby aangetrek.

Die seuns dra 'n groen das wat aan die skool behoort en 'n swart langmou hemp en swart langbroek moet self aangeskaf word. Skoolskoene en swart kouse word ook hierby aangetrek.

Ons maak vir etlike jare al gebruik van 'n professionele begeleidster wat deur die skool vergoed word. Daar word jaarliks vir 'n gedeelte hiervoor begroot en is onderhewig aan die goedkeuring van die Beheerliggaam.

Koorlede kry herkenning vir deelname aan die koor. Indien 'n koorlid meer as 3 keer afwesig was van kooroefening sonder 'n geldige verskoning, sal die betrokke koorlid nie herkenning vir die koor ontvang nie. Indien 'n koorlid hom/haarself nie onderwerp aan koor reëls ten opsigte van dissipline tydens oefening nie, sal dit die koorleier se besluit wees om die betrokke leerder te vra om koordeelname te staak.

5.2 Juniorkoor

Die Juniorkoor bestaan uit Gr. 1 tot 3-leerders. Hierdie koor se doel is hoofsaaklik om kinders die liefde vir sang te leer. Leerders moet 'n oudisie aflê en alhoewel alle leerders aangemoedig word om deel te neem, is suiwer stemmetjies tóg belangrik. Die koor sing hoofsaaklik nét eenstemmig. Vasgestelde koordrag word gedra. 'n Koorband word gedra wat aan die skool behoort. Leerders skaf self 'n wit hemp met swart langbroek aan waarby swart kouse en skoolskoene gedra word.

Kompetisies: Neem aan koorfeeste en kunswedstryde deel.

Oefentye: Een keer per week; Maandae. Koorlede kry erkenning vir deelname aan die koor. Indien 'n koorlid meer as 3 keer afwesig was van kooroefening sonder 'n geldige verskoning, sal die betrokke koorlid nie erkenning vir die koor ontvang nie. Indien 'n koorlid hom/haarself nie onderwerp aan koor reëls ten opsigte van dissipline tydens oefening nie, sal dit die koorleier se besluit wees om die betrokke leerder te vra om koordeelname te staak.

5.3 Drama

Drama word op die skoolterrein aangebied. Dit is egter ook 'n aktiwiteit buite skoolverband. Leerders kry privaatafrigting en word óf deur die skool, óf deur afrigters ingeskryf vir talle kunswedstryde. Deelname aan drama op betrokke kunswedstryde word in aanmerking geneem.

5.4 Redenaars

Redenaars is die vorming van ons leiers vir die toekoms. 'n Redenaar leer om deur liggaamshouding, stem en taal sy standpunt oor te dra en sy gehoor te oortuig van sy siening. Redenaars vind binne skoolverband plaas.

Laer Volkskool hou twee redenaar aande per jaar. 'n Junior redenaar-aand asook 'n senior redenaar aand. Vir elke redenaar aand word 'n buitebeoordelaar gebruik. Hier word gepoog om elke jaar ons top-redenaars uit te soek. Die senior leerders word gemotiveer en gelei om navorsing oor 'n onderwerp te doen en hul eie toesprake te skryf.

Die temas vir die ATKV-redenaars word in November bekend gemaak vir die komende jaar.

Indien baie inskrywings op Juniorvlak (Gr. 1, 2, 3) ontvang word, word interne uitdunne gehou (Juffrouens as beoordelaars.) Ná die uitdunne word 'n aantal verkose leerders deur buitebeoordelaars beoordeel.

Na gelang van die skool se grootte, word die inskrywings per graad bepaal. Tans is ons geregtig op:

- Juniors: Gr. 1-3: 4 leerders
- Seniors: Gr. 4-5: 4 leerders
  Gr. 6-7: 5 leerders

5.5 Revue
'n Revue word elke derde jaar deur die skool op die planke gebring. Ons doel is om **elke** leerder die geleentheid te gee om ten minste een of twee keer in hul laerskoolloopbaan deel te hê aan só 'n groot produksie.

5.6 Leesfees
Die skool reël elke tweede jaar 'n Leesfees, waartydens elke leerder (gr. 1 tot 7) die geleentheid kry om 'n projek uit te stal gefokus op fiksie of nie-fiksie. Tydens ons leesfees kry sekere leerders ook 'n geleentheid om 'n drama-stuk op te voer wat self geskryf is en leerders word blootgestel aan 'n buitegroep wat stories kom opvoer. Die klem val op voordrag en lees. Leesfees projekte maak slegs deel uit van die skool kurrikulum en kry nie erkenning op die Bekroningsfunksie nie.

5.7 Kunswedstryde (Eisteddfod)
Kunswedstryde is buite skoolverband, maar word tóg gekoördineer deur die skool. Ouers kán egter ook leerders privaat inskryf.
In ons doel om elke leerder ten volle te help ontwikkel op alle terreine, speel kunswedstryde 'n belangrike rol in die vorming van die kind se sosiale en emosionele ontwikkeling.
Ons poog om soveel as moontlik leerders bloot te stel aan dié tipe kompetisie. Kunswedstryde behels die deelname van leerders op streeks– sowel as nasionale vlak. Leerders kry die geleentheid om in hul ouderdomsgroep in verskeie afdelings met mekaar mee te ding.

Om deelname aan kunswedstryde te regverdig en leerders wat 'n definitiewe talent het maar dalk nie finansieel daarby kan bydra nie te bevorder, word behoeftige leerders 'n geleentheid gegun om afrigting te ontvang wat deur die skool geborg word in sekere afdelings. Leerders wat graag afrigting in 'n sekere rigting wil ontvang gaan eers deur 'n keuringsproses deur die afrigters self en afrigting is onderhewig aan gereelde bywoning en 'goud' (A) as prestasie toekenning by die Heidelberg Eisteddfod. Heidelberg Eisteddfod borg dan ook die spesifieke leerders vir deelname. Indien leerders dit behaal op die kunswedstryd sal afrigting voortgaan en geborg word. Indien leerders dit nie behaal nie word afrigting gestaak. Die volgende afrigting sal geborg kan word: Drama; Dans; Klavierlesse; Sang.

Kunswedstryde waarvoor ingeskryf word, is:
- Heidelberg Eisteddfod
- Suikerbosrand Eisteddfod
- NEA (Nasional Eisteddfod Academy)

Afdelings waarvoor die skool inskryf, is as volg:
- Drama
- Vokaal
- Beeldende kunste
- Instrumentaal
- Dans
- Poësie
- Kreatiewe skryfkuns
- Spraak
- Modelwerk
- Lees

Die skool is verantwoordelik vir die affiliasiegelde, maar leerders is self verantwoordelik vir individuele items se inskrywingsgelde. Die skool betaal wel vir groep-items soos koor.
Affiliasie word jaarliks in die begin van die jaar gedoen. Inskrywings vind op vasgestelde afsny datums plaas. Kunstefeeste en kunswedstryde vind plaas tussen April en September.

5.8 Dans, Visuele kunste en Model
Tans word verskeie dansstyle aangebied, asook verskillende vorme van visuele kunste en modelwerk buite skoolverband. Alhoewel leerders aan verskeie kompetisies deelneem in hierdie aktiwiteite, word slegs deelname aan betrokke kunswedstryde in aanmerking geneem by ons skool se punte berekening.

5.9 Deelname en erkenning van Streekskore
Slegs leerders wat in die skoolkoor sing en dit gereeld bywoon sal erkenning kry wanneer hul by 'n streekskoor inkom. Leerders wat vir streekskoor keuring gaan en inkom sal 'n prestasie-toekenning van die skool ontvang.

6. Bekroning : Kriteria

Doel: Bevordering van kultuur
Erkenning word gegee aan Laer Volkskool se kultuurleerders vir prestasies tot op 'n sekere vlak bereik. Die volgende kultuur organisasies se uitslae word in aanmerking geneem. (Rede – bekostigbaar en toeganklik)

Heidelberg Eisteddfod
Suikerbosrand Eisteddfod

Algemeen
Almal wat deelgeneem het aan 'n Eisteddfod ontvang 'n deelname sertifikaat mits hul die oorspronklike bewyse (Sertifikaat EN Kommentaar asook 'n Afskrif van die gedig/toespraak/monoloog, ens) getoon het aan die betrokke onderwyseres verantwoordelik.

Slegs die hoogste prestasie word aangedui op die sertifikaat.
Al die bogenoemde toekennings word uitgedeel tydens die Bekroningsaand. Deelname aan ander instansies word tydens saalopeninge uitgedeel.

Die Kultuurbeker word toegeken aan die leerder wat voor die gegewe afsnydatum alle oorspronklike bewyse van deelname indien en die hoogste puntetelling volgens die prestasie toekennings bereik het. Kandidate moet aan skoolaktiwiteite deelneem, veelsydig wees en aan ten minste drie genres by kunswedstryde deelneem.

* Toekennings berus op die grondslag van volgehoue prestasie.
* Geen toekenning sal op 'n ander basis as die hieronder beoordeel word nie.
* Wysigings of toevoegings kan slegs deur die balkiekomitee gedoen word.
* Enige toekenning is 'n voorreg en kan onder bepaalde omstandighede deur die komitee teruggetrek word indien hulle dit as regverdig beskou. Na terugtrekking mag 'n leerder nie meer aanspraak maak op die dra van sulke toekennings nie.
* Alle toekennings is onderhewig aan skoolaffiliasie en registrasie.

Kriteria vir toekenning van balkies:

EISTEDDFOD

5 punte vir deelname aan Heidelberg Eisteddfod
5 punte vir deelname aan Suikerbosrand Eisteddfod
5 punte vir Itemwenners
8 punte vir Fasewenners
10 punte vir Trofeewenners
'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt per item

(Suikerbos en Heidelberg)
2 punte vir brons (B en B+)
4 punte vir silwer (A)
6 punte vir goud (A+)
8 punte vir diplome (A++ en A+++)
'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt per item as hy/sy dieselfde item by verskillende Eisteddfods aanbied

SKOOLREDENAARS

5 Deelname
8 Derde plek
10 Tweede plek
12 Eerste plek
15 Algehele wenner
'n Deelnemer kry slegs die hoogste punt bereik

ATKV REDENAARS

2 punte vir Deelname
5 punte vir Halfeindrondte
10 punte vir Eindrondte
30 punte vir Podiumplek (1-3) – Erekleure en Erepenning

KOORDEELNAME (jare agtereenvolgens)

1 jaar 5 punte
2 jaar 10 punte
3 jaar 15 punte
4 jaar 20 punte
5 jaar 25 punte
6 jaar 30 punte
7 jaar 35 punte

REVUE

5 punte

LEESFEES

5 punte

PUNTE BEREKENING:

Balkie	50 + punte
Prestasie	70 + punte
Erekleure	100 + punte

VOORVEREISTES BY EREKLEURE:

- Leerders moet aan TEN MINSTE EEN skoolaktiwiteite deelneem .
- Leerders moet aan ten minste drie genres by Eisteddfod/s deelneem.
- Leerders moet ook 'n fasewenner of trofeewenner wees by Heidelberg Eisteddfod of Afdelingwenner by Suikerbosrand Eisteddfod.

KULTUUR EREPENNING:

Leerder wat 5 jaar agtereenvolgens Erekleure verwerf, ontvang 'n Erepenning.

LAER VOLKSKOOL
KULTUURBELEID
Hersien 2017